Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V1

NOVEMBER 2020(2)

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye,
'n formuleblad en 'n 9 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Vaste Bates en Staat van Omvattende Inkomste	60	45
2	Finansiële Aanwysers en Kontantvloeistaat	40	35
3	Vertolking van Finansiële State	35	30
4	Korporatiewe Bestuur	15	10
TOTAAL		**150**	**120**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 1: VASTE BATES EN STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
(60 punte; 45 minute)

Die inligting het betrekking op Robbie Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021.

GEVRA:

1.1 **Verwys na INLIGTING B(a) vir vaste bates.**

Bereken die volgende:

1.1.1 Die ontbrekende bedrae deur (i) tot (iii) op die Vastebatenota aangedui (11)

1.1.2 Wins/Verlies met die verkoop van toerusting op 1 Oktober 2020 (2)

1.2 **Verwys na INLIGTING B(e) vir handelsvoorraad.**

Bereken die handelsvoorraadtekort. (4)

1.3 Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021 op. (43)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2021:

	R
Verbandlening: Sufi Bank	1 005 500
Debiteurekontrole	123 000
Handelsvoorraad	?
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2020)	7 030
Verkope	?
Koste van verkope	6 966 000
Salarisse en lone	1 468 120
Direkteursfooie	3 330 000
Ouditfooie	91 000
Herstelwerk	476 000
Huurinkomste	173 000
Rente-inkomste	25 000
Rente op lening	?
Oninbare skulde	19 200
Advertensies	25 680
Diverse uitgawes	452 310
Gewone aandeledividende	86 400

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

(a) **Vaste bates:**

Voertuie:

- Die onderneming besit op 28 Februarie 2021 twee voertuie. Die tweede voertuig is op 1 November 2020 aangekoop.
- Die waarde van voertuie word teen 15% p.j. op kosprys verminder.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Toerusting:

- Waardevermindering is 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode.
- Ongebruikte toerusting is op 1 Oktober 2020 vir R40 000 verkoop. Opgehoopte waardevermindering op die toerusting verkoop, was op 1 Maart 2020 R36 600.

Uittreksel uit die Vastebatenota:

	VOERTUIE	TOERUSTING
Kosprys (1 Mrt. 2020)	460 000	360 000
Opgehoopte waardevermindering (1 Mrt. 2020)	(396 750)	(187 595)
DRAWAARDE (1 Maart 2020)	**(i)**	**172 405**
Toevoegings (teen kosprys)	510 000	0
Verkope (teen drawaarde)	0	**(iii)**
Waardevermindering	**(ii)**	(31 281)
DRAWAARDE (28 Februarie 2021)		
Kosprys (28 Feb. 2021)	970 000	285 000
Opgehoopte waardevermindering (28 Feb. 2021)		

(b) Die onderneming handhaaf 'n winsopslag van 120% op kosprys. Let daarop dat handelskortings van R648 000 aan spesiale kliënte toegestaan is.

(c) Die rekening van debiteur B Melta, R800, moet afgeskryf word.

(d) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van uitstaande debiteure aangepas word.

(e) Handelsvoorraad word volgens die geweegdegemiddelde-metode gewaardeer. Die Grootboekrekening en rekords toon dat 280 eenhede voorhande behoort te wees. Die fisiese voorraadopname toon egter dat slegs 262 eenhede voorhande is. Die voorraadrekords is soos volg:

	EENHEDE	EENHEIDSPRYS	TOTAAL
Voorraad aan begin van jaar	200	R3 600	R720 000
Aangekoop gedurende die jaar	1 840	R4 100	R7 544 000
Terugsendings: beskadigde eenhede	40	R4 100	R164 000
Beskikbaar vir verkope	2 000		R8 100 000
Voorraad-eenhede per rekords	280	**?**	**?**

(f) 30% van die ouditfooie is nog uitstaande.

(g) Die maandelikse huurinkomste was onveranderd gedurende die jaar. Die huurder het gedurende Februarie 2021, R9 000 vir herstelwerk aan die perseel betaal en het dit van sy huur vir Februarie 2021 afgetrek. Herstelwerk is die maatskappy se verantwoordelikheid en is nie geboekstaaf nie. Die huur vir Maart 2021 is vooruit ontvang.

(h) Die maatskappy het vier direkteure wat dieselfde geld verdien. Een direkteur het op 31 Mei 2020 bedank en het sy geld tot op datum ontvang. 'n Ander direkteur se geld vir Januarie en Februarie 2021 is nog aan hom verskuldig.

(i) Advertensies bestaan uit 'n kontrak met 'n koerant vir die hele finansiële jaar. Betalings is maandeliks; paaiemente is egter slegs vir 11 maande betaal. **LET WEL:** Die maandelikse tarief is vanaf 1 November 2020 met R240 verminder.

(j) Die netto wins na belasting is akkuraat bereken op R1 054 000. Die inkomstebelastingkoers is 32%.

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: FINANSIËLE AANWYSERS EN KONTANTVLOEISTAAT
(40 punte; 35 minute)

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Die (direkteursverslag/ouditverslag) gee 'n verduideliking van die bedrywighede van die maatskappy gedurende 'n finansiële jaar.

2.1.2 Die (onafhanklike/interne) ouditeure is verantwoordelik vir die gereelde monitering van die finansiële beheermaatreëls van 'n maatskappy.

2.1.3 In die geval van bankrotskap is die aandeelhouers nie gewoonlik vir die skulde van die onderneming verantwoordelik nie. Dit is as gevolg van (beperkte/onbeperkte) aanspreeklikheid. (3 x 1) (3)

2.2 **USANDA BEPERK**

Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2021 geëindig.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die volgende syfers vir die 2021-Kontantvloeistaat:

- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (4)

2.2.2 Stel die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat op:

- Kontantgevolge vir finansiële aktiwiteite (11)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

2.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:

- % bedryfswins op verkope (2)
- Vuurproefverhouding (4)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (4)
- Dividenduitbetalingkoers (%) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INLIGTING:

A. Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:

Verkope	R17 800 000
Bedryfswins	2 262 100
Rente op lening (gekapitaliseer)	270 000
Netto wins voor belasting	1 777 000
Netto wins na belasting	1 243 900

B. Uittreksel: Staat van Finansiële Posisie:

	28 Februarie 2021	29 Februarie 2020
Vaste bates (drawaarde)	R13 650 600	R13 590 000
Bedryfsbates	659 500	1 067 500
Voorrade	276 500	373 200
Handels- en ander ontvangbare bedrae	262 300	539 600
Kontant en kontantekwivalente	120 700	154 700
Aandeelhouersbelang	9 891 400	11 985 000
Gewone aandelekapitaal	9 555 000	11 220 000
Behoue inkomste	336 400	765 000
Lening: VBC Bank (sien E)	?	2 080 000
Bedryfslaste	611 900	592 500
Handels- en ander betaalbare bedrae	252 100	185 700
Oortrokke bankrekening	0	90 000
SAID: Inkomstebelasting	19 800	69 300
Aandeelhouers vir dividende	340 000	247 500

C. Aandelekapitaal:

DATUMS	GETAL AANDELE	BESONDERHEDE VAN AANDELE
1 Maart 2020	1 650 000	Reeds uitgereik
30 Oktober 2020	50 000	Addisionele aandele uitgereik
27 Februarie 2021	335 000	Aandele teruggekoop teen R9,50 elk
28 Februarie 2021	1 365 000	Reeds uitgereik

D. Dividende en verdienste:

- 'n Interim/Tussentydse dividend is op 31 Augustus 2020 betaal.
- 'n Finale dividend van 20 sent per aandeel is op 28 Februarie 2021 verklaar.
- Totale dividende vir die jaar beloop R835 000.
- Verdienste per aandeel (VPA) op 28 Februarie 2021 was 74 sent.

E. Lening: VBC Bank

- Die saldo op 1 Maart 2020 was R2 080 000.
- Maandelikse terugbetalings van R35 000, rente ingesluit, is betaal.
- Gekapitaliseerde rente het R270 000 beloop.

40

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (35 punte; 30 minute)

3.1 Kies die vraag uit KOLOM B wat by 'n kategorie finansiële aanwysers in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
3.1.1 Likiditeit	A Bestuur die onderneming uitgawes effektief om winsgewendheid te verhoog?
3.1.2 Risiko en finansiële hefboom	B Is die belegging in die maatskappy beter as 'n belegging in 'n vaste deposito?
3.1.3 Opbrengs aan aandeelhouers	C Sal die maatskappy in staat wees om sy huidige skuld te betaal?
3.1.4 Bedryfsdoeltreffendheid	D Sal die maatskappy in staat wees om al sy skuld af te betaal deur bestaande bates te gebruik?
	E Hoe bestuur die maatskappy lenings of geleende kapitaal?

(4 x 1) (4)

3.2 **SCI-FI GEEKS BPK.**

Die onderneming dryf handel met elektroniese toerusting wat vanuit China aangekoop word. Die inligting het betrekking op die afgelope twee finansiële jare, geëindig 31 Maart. Die COVID-19-grendeltyd het verkope gedurende die huidige finansiële jaar negatief beïnvloed.

GEVRA:

3.2.1 **Likiditeit:**

Die direkteure is tevrede met die verbetering in die bedryfsverhouding en die vuurproefverhouding. Verduidelik waarom jy van hulle sal verskil. Haal TWEE finansiële aanwysers in jou antwoord aan. (6)

3.2.2 **Dividende:**

Die direkteure het die dividendbeleid vir die huidige finansiële jaar verander.

- Lewer kommentaar op die dividend per aandeel oor die afgelope twee jaar. Haal syfers aan. (2)
- Verduidelik die verandering in die dividenduitbetalingkoers en gee 'n rede vir hierdie verandering. Haal syfers aan. (4)
- 'n Aandeelhouer voel dat hulle tevrede moet wees met die dividende wat hulle ontvang het, aangesien dit beter as verlede jaar is. Verduidelik waarom jy met hom saamstem. Haal syfers aan. (3)

3.2.3 Lewer kommentaar op die risiko en finansiële hefboom vir albei jare. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan. (6)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.2.4 Bestaande aandeelhouers is ontevrede dat die nuwe aandele wat op 1 April 2020 uitgereik is, aan die HUB, Ida Shark, verkoop is. Gee TWEE redes waarom jy dink dat hulle gevoelens geregverdig is. Haal syfers aan. (6)

3.2.5 Die Kontantvloeistaat het 'n positiewe verandering van R980 000 getoon. Verskaf TWEE punte waarom dit steeds 'n bekommernis vir die direkteure behoort te wees. Haal syfers aan. (4)

INLIGTING:

A. Finansiële aanwysers en addisionele inligting:

	2021	2020
Winsopslag % behaal	60%	60%
% netto wins voor belasting op verkope	13,9%	20,3%
Bedryfsverhouding	2,4 : 1	1,1 : 1
Vuurproefverhouding	1,0 : 1	0,4 : 1
Voorraadhoudingstydperk	102 dae	32 dae
Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk	46 dae	31 dae
Gemiddelde krediteure-betalingstydperk	60 dae	60 dae
Verdienste per aandeel	58 sent	130 sent
Dividende per aandeel	72 sent	90 sent
Dividenduitbetalingkoers	136,5%	69%
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,4 : 1	0,3 : 1
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	17,7%	31,6%
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	23,2%	39%
Netto batewaarde per aandeel	332 sent	409 sent
Markprys van aandele op aandelebeurs	410 sent	540 sent
Rentekoers op lenings	13,5%	13,5%
Rentekoers op vaste deposito's	6,8%	7,8%

B. Aandelekapitaal:

- Op 1 April 2020 het die maatskappy 'n addisionele 250 000 aandele uitgereik.
- Op 31 Maart 2021 is 1 250 000 aandele reeds uitgereik.

C. Uittreksel uit Kontantvloeistaat op 31 Maart:

	2021	2020
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	(148 080)	910 000
Kontant gegenereer uit bedrywighede	1 281 620	
Rente betaal	(232 000)	
Belasting betaal	(272 700)	
Dividende betaal	(925 000)	
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	101 580	(300 000)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	1 026 500	(100 000)
Verkoop van aandele	375 000	0
Verandering in lening	651 500	(100 000)
Kontant en kontantekwivalente: Netto verandering	980 000	510 000
Begin	(330 000)	(840 000)
Einde	650 000	(330 000)

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR **(15 punte; 10 minute)**

Aandeelhouers en werknemers verbonde aan 'n maatskappy sal veral daarin belangstel of die maatskappy deur die direkteure goed beheer en bestuur word.

Die aandeelhouers sal by die AJV twee tipes direkteure verkies:

- **Uitvoerende direkteure:** Hulle woon raadsvergaderings by en werk voltyds by die maatskappy.
- **Nie-uitvoerende direkteure:** Hulle woon raadsvergaderings by en werk NIE by die maatskappy NIE.

Jy word van vier aspekte van korporatiewe bestuur voorsien wat vir die aandeelhouers van belang is.

GEVRA:

4.1 Ouditverslag:

Verduidelik waarom 'n gekwalifiseerde ouditverslag nie 'n goeie weerspieëling van 'n maatskappy is nie. Verskaf TWEE punte. (4)

4.2 Die Direksie:

Verduidelik waarom dit vir 'n maatskappy belangrik is om nie-uitvoerende sowel as uitvoerende direkteure by die Direksie in te sluit. (4)

4.3 Die Vergoedingskomitee:

Volgens die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008) moet 'n maatskappy 'n Vergoedingskomitee hê.

Verduidelik die rol/verantwoordelikheid van hierdie komitee en gee 'n rede waarom hierdie komitee noodsaaklik is. (3)

4.4 Direkteure kom gereeld met kliënte in aanraking in 'n poging om oor kontrakte te onderhandel en om verkope en dienste te verbeter.

Verduidelik waarom daar 'n maatskappybeleid moet wees dat direkteure alle geskenke, donasies of gunste deur hulle van kliënte ontvang, aan die Direksie moet verklaar. Verskaf TWEE punte. (4)

15

c

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

LET WEL:

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore